

SARS VERWELKOM NUWE KOMMISSARIS, KIESWETTER

PRETORIA, Woensdag 1 Mei 2019 - Edward Kieswetter begin vandag in sy rol as kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Ons verwelkom Kieswetter en sien uit daarna om saam met hom te werk om SARS te herbou.

Ter wille van goeie staatsbestuur en die volhouding van toepaslike beleide, het die kommissaris sy buite belange en betrokkenheid in verskeie organisasies ten volle verklaar.

Kieswetter het reeds begin met 'n hersiening van sy portfolio van belange en het sy bedanking ingedien as hoof onafhanklike direkteur van Shoprite.

Hy het voorheen bedank van die bestuursrade van African Unity en GEMS Education, Africa.

Buiten persoonlike privaat beleggings, sluit sy noemenswaardige betrokkenheid in direkteurskappe by Transnet en Technology Innovation Agency, beide ondernemings in staatsbesit.

Mnr. Kieswetter het sy volle toegewydheid uitgespreek om sy persoonlike sake te hanteer op 'n manier wat openbare vertroue skep.